Kruiskerk.co.za

27 November 2022 10.30

*Aanlyn erediens op die Zoom toepassing*

info@Kruiskerk.co.za

---

## Skriflesing : Jesaja 2 verse 1 tot 5

## Tema : Afwagting

## BROODJIES VIR DIE PAD

**"Of all the hardships a person had to face, none was more punishing than the simple act of waiting."**
**—** *Khaled Hosseini*, A Thousand Splendid Suns

**"Waiting is an art that our impatient age has forgotten. It wants to break open the ripe fruit when it has hardly finished planting the shoot. But all too often the greedy eyes are only deceived; the fruit that seemed so precious is still green on the inside, and disrespected hands ungratefully toss aside what has so disappointed them."**
— *Dietrich Bonhoeffer,* God is in the Manger*:* Reflections on Advent and Christmas

**"In general, I try and distinguish between what one calls the Future and "l'avenir" [the 'to come]. The future is that which – tomorrow, later, next century – will be. There is a future which is predictable, programmed, scheduled, for able. But there is a future, l'avenir (to come) which refers to someone who comes whose arrival is totally unexpected. For me, that is the real future. That which is totally unpredictable. The Other who comes without my being able to anticipate their arrival. So if there is a real future, beyond the other known future, it is l'avenir in that it is the coming of the Other when I am completely unable to foresee their arrival."**
— *Jacques*

**"Into this world, this demented inn,in which there is absolutely no room for him at all,Christ comes uninvited."**
**— -***Thomas Merton-*

**"Chance and chance alone has a message for us. Everything that occurs out of necessity, everything expected, repeated day in and day out, is mute. Only chance can speak to us."**
*Milan* The Unbearable Lightness of Being

**ADVENT**

**The house lights go off and the footlights come on. Even the chattiest stop chattering as they wait in darkness for the curtain to rise. In the orchestra pit, the violin bows are poised. The conductor has raised his baton.**
**In the silence of a midwinter dusk there is far off in the deeps of it somewhere a sound so faint that for all you can tell it may be only the sound of the silence itself. You hold your breath to listen.**
**You walk up the steps to the front door. The empty windows at either side of it tell you nothing, or most nothing. For a second you catch a whiff in the air of some fragrance that reminds you of a place you've never been and a time you have no words for.**
**You are aware of the beating of your heart.**
**The extraordinary thing that is about to happen is matched only by the extraordinary moment just before it happens. Advent is the name of that moment.**
**The Salvation Army Santa Claus clangs his bell. The sidewalks are so crowded you can hardly move. Exhaust fumes are the chief fragrance in the air, and everybody is as bundled up against any sense of what all the fuss is really about as they are bundled up against the windchill factor.**
**But if you concentrate just for an instant, far off in the deeps of you somewhere you can feel the beating of your heart. For all its madness and lostness, not to mention your own, you can hear the world itself holding its breath.**
*-Fredeick Buechner-*

**"It did not really matter what we expected from life, but rather what life expected from us. We needed to stop asking about the meaning of life, and instead to think of ourselves as those who were being questioned by life—daily and hourly. Our answer must consist, not in talk and meditation, but in right action and in right conduct. Life ultimately means taking the responsibility to find the right answer to its problems and to fulfill the tasks which it constantly sets for each individual."**
— Viktor E. Frankl, Man's Search for Meaning

"
**Do not depend on the hope of results. You may have to face the fact that your work will be apparently worthless and even achieve no result at all, if not perhaps results opposite to what you expect. As you get used to this idea, you start more and more to concentrate not on the results, but on the value, the rightness, the truth of the work itself. You gradually struggle less and less for an idea and more and more for specific people. In the end, it is the reality of personal relationship that saves everything."**
— *Thomas Merton*

**Wilhelm Jordaan**

## PARTY DINGE IN HIERDIE LEWE IS HUILMOOI-MOOI

***Netwerk24***

Dit is maar menslik om by die aanhoor van hartsmusiek bewoë te raak en stilletjies of openlik trane te stort. “Huilmooi” is die woord wat ’n mens dan gebruik om te sê die skoonheid wat jy sien en hoor, soms saam met baie ander mense, het jou oorrompel . . .Só was dit Sondag in die Kunstekaap by een van die laaste optredes van die Libertaskoor onder leiding van Johan de Villiers (dirigent) en Louwina de Villiers (koorbestuurder). Die koor sluit ná 33 jaar waarin musiek se genesende krag in swaar tye en as ’n gemene deler tussen kulture volvoer is. Agterna het “huilmooi” my bygebly. Wat is dit wat maak dat skoonheid jou só diep in die gemoed tref dat jy wil huil?

Ek het aan ander voorbeelde daarvan gedink – soos toe ek die eerste keer vanaf ’n uitkykpunt die Visrivier-skeurvallei in Namibië onder
my sien oopvou het: 350 miljoen jaar oud, 160 km lank, 27 km breed en 500 m diep. Jy staan klein en ademloos in die verrukking van ruimte, tyd en stilte. En jy weet opeens die ganse kosmos is ’n ontvouende skoonheidsprojek.

Skoonheid werk ook vertroostend en helend te midde van die ergste lyding.
Skoonheid werk ook vertroostend en helend te midde van die ergste lyding. Soos dit uitgebeeld word in die Italiaanse fliek Life Is Beautiful (La vita è bella). Guido Orefice en sy seuntjie Giosuè verkeer in die diepste ellende in ’n Duitse konsentrasiekamp tydens die Tweede Wêreldoorlog.

Dora, Guido se geliefde vrou, is in ’n aanliggende kamp. Een aand glip Guido by sy kamp se beheerkamer in en speel oor die interkomstelsel die lied “Barcarolle” uit Jacques Offenbach se Die verhale van Hoffmann. In die stilte van die nag weerklink die skoonheid van die lied en stuur ’n boodskap van lewensin, hoop en liefde na Dora en almal wat soos diere in die kampe saamgehok is.

Dalk is dít die krag van skoonheid én die belewenis van huilmooi – dat dit jou aan jou seerkry en aan verlies herinner en terselfdertyd laat verlang na heelheid; na iets wat die begeerte aan ’n vervullende lewe uitroep al is dit vermeng met lewenssmart en die bitterheid van ontneming.

Só beskou, is ’n sin vir skoonheid ’n oeroue menslike impuls wat uit die paradoksale van ons bestaan voortvloei.
Só beskou, is ’n sin vir skoonheid ’n oeroue menslike impuls wat uit die paradoksale van ons bestaan voortvloei. En dat skoonheid beleef kan word in alles wat uit die chaos van die menslike hart tot ’n soort orde en heelheid kom. In die woorde van die digter D.J. Opperman is dít hoe kunstenaarskap werk; hoe “die engel uit die klip” kom. En as ’n mens fyner kyk en luister, is skoonheid en helende huilmooi ook in die gewone, alledaagse dinge te vind:

In die hier-en-daar blomtuintjies in die stof van plakkerskampe; in kleurryke plakkate wat die binnekant van ’n hutjie van sink op die Kaapse Vlakte versier; in die hartsmusiek wat jy neurie terwyl jy draf; in die water wat jy oor ’n verdorde plant sprinkel; in die tekstuur van ’n blom, fyn aan die vingerpunte gevoel; in die ritseling van blare in die aandwind; om ’n karige tafel te dek; ’n verflenterde donkiekar heel ’n vuil fiets te was; ’n kers aan te steek . . .

**Jordaan is ’n emeritus professor in sielkunde.**

**Geestelike Waardes:**

## ’N SOEKE NA DIE ANDER KANT VAN DIE ‘DONKER NAG’

**NETWERK 24 RRV**

Mense is nie wel nie. Dié opmerking van ’n kollega wat daagliks met studenteM werk, het as impuls gedien vir die program van ’n onlangse naweek-retraite waarby ek betrokke was. Die eerste aand word daar dan ook gesels oor hoe ’n algemene ervaring van malaise sedert die Covid-19-pandemie ons samelewing toenemend stempel. Die sprekers sluit vanuit verskillende gesigspunte en kontekste aan by belewenisse van trauma en donkerte – op persoonlike vlak, maar ook in hul gemeenskappe. Een spreker verwys na die Spaanse mistikus Johannes van die Kruis se beskrywing van “die donker nag van die siel”. En Eskom sorg vir dramatiese trefkrag wanneer beurtkrag ons letterlik in die donker laat.

Met die gepraat oor neerslagtigheid en donkerte word ’n beeld geteken dat die uur inderdaad laat is, dat dit die spreekwoordelike kort voor middernag is, vir ons land en ons planeet.

Die volgende dag word daar ná middagete gefokus op acedia, die Latynse term vir een van die sogenaamde doodsondes wat op ’n traagheid van die gees dui. Acedia staan ook bekend as die middag-demoon, aangesien die destydse monnike in die woestyn en die kloosters ervaar het dat hulle juis in die middel van die dag versoek word om in hul toewyding te verslap.

Dit blyk ook uit die gesprekke duidelik dat daar nie maklike antwoorde is oor hoe om te midde van “donker nagte” en die aanslag van “middag-demone” te leef nie. Sommige wys wel op die belangrikheid van ritmes en rituele wat die tyd merk sodat ons anders na ons dae en tyd kan kyk. Van die aanbiedinge verwys in dié verband na die viering van die kerkjaar in verskeie tradisies, terwyl dit ander Afrika-filosowe en -teoloë se verstaan van tyd as ’n gebeurtenis belig.

Die breë tema vir die naweek was “Dark Nights, Breaking Dawns and Noonday Demons: Towards a Spirituality of Time”. Naas donkerte en droefheid, word daar dus ook oor dagbreek gepraat. En hiervoor word daar aangesluit by die idee van Messiaanse tyd, ’n tydsbeskouing wat nie die tyd as homogeen of leeg beskou nie, maar – soos die filosoof Walter Benjamin dit stel – eerder elke sekonde sien as die smal hek waardeur die Messias sal binnekom.

Om met só ’n gesindheid na die tyd te kyk, vra wel geloof en hoopvolle verbeelding. Of soos ’n spreker by ’n oggendsessie dit stel: Dit vra ’n openheid vir die moontlikheid dat wanneer ons dink dat dit vyf voor 12 in die nag is, die moontlikheid bestaan dat dit eintlik 12 voor vyf in die oggend is, dus kort voor die nuwe môre.

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877